# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Do | 19/03 | **Ds Jannes van Dyk,** Wyk 9 |
| Sa | 21/03 | **Riaan Schutte,** Wyk 9. |

**Bede met meelewing** Psalm 121: 4

# VAN ONS SUSTERS

## Sustersaamtrek – Wolmaransstad – 7 Maart 2026

**Tema: Leef bedagsaam voor God**

Die jaarlikse Sustersaamtrek is altyd 'n dag vol verrassings en vanjaar was geen uitsondering nie!

Ons het douvoordag per bus na Wolmaransstad vertrek waar hulle susters ons met 'n heerlike ontbyt ingewag het.

Voordat die spreker vir die dag, prof Johan van der Walt, sy woord gedoen het, het ons heerlik saamgesing met orrelbegeleiding.

Prof van der Walt, 'n Fisikus, sê dat ons stadiger en meer bewustelik met oop oë en harte moet kyk na die wêreld van God in die natuur – dan sal ons bewus raak van God se alomteenwoordigheid en Sy grootheid. Hy hou alles in stand. Ons moet nederig, ootmoedig en bedagsaam met Hom wandel, want God skep, onderhou en regeer die natuur om ons (Miga 6:8).

Aan die hand van die Fisika, illustreer prof van der Walt dat niks wat so ontdek word, per toeval is nie. Ons het saam met hom deur sy mikroskooplens gekyk na 'n verskeidenheid items en die slotsom is elke keer dat hierdie dinge te kompleks is om deur 'n mens ontwerp te wees. Hoe dieper die mens delf, hoe meer kom ons onder die indruk van Sy almag. Dit maak ons nederig voor God se skeppingswerk. "…om nederig die pad saam met God te loop…"

Na hierdie inspirerende praatjie, het ons prettig saam Bingo gespeel met woorde uit die Bybel. Na 'n heerlike middagete vertrek ons huiswaarts.

Volgende jaar se saamtrek word DV deur Potchefstroom, Die Bult, aangebied.

*Baie dankie aan Mietsie Harman vir die kort verslag oor die Saamtrek.*



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 10 Sondag 15 Maart 2026

*REDAKTEUR:* **RUDY VAN DER SPOEL** 082 864 4422
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 3 **Rynhardt Landman** en wyk 4 **Flip Mostert**
**Diakens:** Wyk3 **Rudy van der Spoel** en 4 **Banie Nortjé**
**Teebeurt:** Wyke 10, 11 & 12: **Wyksuster is: Wymie du Plessis**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***
**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Woordbediening:** Deuteronomium 8.
**Fokusvers:** Deuteronomium 8:10.
**TEMA:** *Boustene van gebed: Danksegging.*
**Sing:** Psalm 30: 3, 7; Psalm 147: 1, 3, 7; Skrifberyming 9-1 [26]:11; Psalm 136: 1, 19; Psalm 50: 7, 11.
**Sing met meelewing:** Psalm 121:4.

**AAND Woordbediening:** Lukas 10:1-24.
**Fokusvers:** Lukas10: 20b.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 15.
**TEMA:** *Ons verkiesing en die belydenis van ons volharding is 'n skat van groot waarde waaroor ons baie bly moet wees.*
**Sing:** Psalm 100: 2, 3; Psalm 100: 1, 4; Psalm 135: 2; Skrifberyming 18-7 [45]: 1, 3, 12; Skrifberyming 1-1 [24]: 1, 7 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Instituut Christelike Onderwys.** Volgende week: **Ekumenisiteit Buitelands**

**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**

**Dr JA Erasmus** van Bultgemeente sal DV vanmiddag met die erediens om 15:30 in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Baie dankie aan ouderlinge Rynhardt Landman en Flip Mostert wat die toesig-beurte sal waarneem.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Ria Buys** was vir 'n paar dae in Mooimed hospitaal, maar is nou opgeneem in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons dra haar en haar dierbares elke dag op aan die genade van ons hemelse Vader.

Ons dink ook in ons voorbidding voortdurend aan elkeen van ons lidmate in die verskillende versorgingseenhede. Mag hulle die troue liefde van ons Verbondsgod elke dag ervaar.

**Prof. Callie Coetzee** moet Woensdag 'n afspraak met die chirurg nakom met die oog op 'n moontlike breukoperasie die week daarná. Dit is ons gebed dat die besoek aan die chirurg geseënd mag wees en dat daar deur sy behandeling vir prof. Callie lewenskwaliteit mag wees.

**Netta Schutte** moet môre weer ŉ afspraak met die ortopediese chirurg in Unitas Hospitaal nakom om die herstel van die breuk wat sy enkele maande gelede opgedoen het, te monitor. Ons bid haar en Paul ŉ voorspoedige rit en geseënde besoek toe.

**Japie van Jaarsveld** moet ook in die afsienbare toekoms weer 'n doktersafspraak nakom. Ons bede is dat Japie hierdie keer daadwerklike uitkoms en verligting mag ontvang.



**Magda Pelser-van der Merwe** het Donderdag ŉ afspraak met die oftalmoloog by die Ooginstituut in Pretoria nagekom. Toe die afkondigings voorberei is, was die uitslag van die besoek nog nie bekend nie. Ons is wel saam met Magda baie dankbaar dat sy kan getuig van beterskap in haar sig.

**Rynhardt Landman** moet môre 'n afspraak met die neurochirurg in Krugersdorp nakom nadat hy die laaste tyd geweldige pyn verduur het. Dit is ons bede dat die dokter met wysheid en insig gelei sal word en dat Rynhardt deur sy behandeling verligting van pyn en lewenskwaliteit mag geniet. Ons doen ook voorbidding vir **Leané** wie se ouma in Klerksdorp ernstig siek is aan kanker. Mag u as familie die troosvolle nabyheid van ons Here in hierdie tyd ervaar.

Ons is saam met **Martie van der Berg** baie dankbaar vir 'n geseënde besoek wat sy by die nefroloog kon aflê en dat daar ŉ groot emosionele las vir haar ligter gemaak is. Mag u deur die behandeling wat u ontvang elke dag nuwe krag van ons Here ontvang. Ons doen ook voorbidding vir **Susan** wat vir ŉ geruime tyd las het van ŉ bloedklont in haar been. Benewens die pyn wat Susan moet verduur, rem dit haar ook as onder-wyseres. Ons bede is dat Susan spoedig volkome genesing mag ontvang om weer voluit haar roeping te mag uitleef.

**André Joubert** is nog steeds in die Zuid-Afrikaans Hospitaal. Die PET skandering wat die vaskulêre chirurg benodig, kon nog nie plaasvind nie. Die mediese fonds het daarvoor nog nie magtiging gegee nie. Die kardiotoraktiese chirurg wil intussen 'n sonar van die hart laat neem. By dit is ons dankbaar dat André baie baat by die fisioterapie wat hy ontvang. Dit is ons gebed dat André spoedig die regte behandeling mag ontvang en na Potchefstroom kan terugkeer.

**Jesse Niemand** moet in die komende weke toetse ondergaan met die oog op afsprake met die kardioloog later dié maand en met die chirurg teen middel Mei. Jesse verduur baie ongemak as gevolg van 'n sist wat onder die lewer is. Dokters is huiwerig om dit te verwyder omdat die komplikasies net te groot is. Ons verseker Jesse en Stienie van ons voorbidding vir hulle.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 17/03 | 09:15 | Opening: Teologiese Skool | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch- Bult |
| | | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 18/03 | 18:00 | Bybelstudie (Romeine, Studie 1a) | Konsistorie |
| Do | 19/03 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiers1: 23-2:4 | Kerksaal |
| Vr | 20/03 | 17:00 | **Gemeente-aand en hamburgerbraai** | Kerkterrein |
| | | 12:00 | Volwasse kategese | Kerksaal |

| **KATKISASIE** | **Sondag 15 Maart** | **Sondag 22 Maart** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 7 | Les 8 |
| **Lesrooster:** | Genesis 37 & 42 (bl 6) | Eksodus 3 & 14 (p 7) |
| **Psalmvers:** | Psalms 63: 3 | Psalm 63: 3 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 34b | Sondag 35 |
| **Memoriseerwerk** | Eksodus 20: 8 | Eksodus 20: 9 |

**BYBELSTUDIE**
Bybelstudiebyeenkomste die komende week:

- Bybelstudie by Huis Eikelaan vind Dinsdagmiddag om 15:00 in die Rooi Sitkamer plaas. Almal is welkom.
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 1a van Romeine uit prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1: 23-2: 4 en verder bestudeer.

U is baie welkom om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel.



**ATTESTATE**
**Attestate ontvang:**
Met attestaat aangesluit vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet: **Henrich Reynders** woonagtig in Reitzstraat ; e-pos: richsreynders@gmail.com; telefoon: Heinrich word opgeneem in Wyk 3. Ouderling is Rynhardt Landman, diaken Rudy van der Spoel, wyksuster is Dina Coetsee.
**Madelize le Roux** woonagtig in Vergeet-My-Nie Dames-koshuis; e-pos: madelizeleroux@gmail.com; telefoon: Madelize word ook in Wyk 3 opgeneem.
Dit is ons voorreg om Heinrich en Madelize as lidmate hier te verwelkom!

**Lidmaatskap beëindig:**
Die kerkraad het Sondag met leedwese kennis geneem dat die volgende lidmate gemeenskap met die Gereformeerde Kerke verbreek het: Hennie en Magda Viljoen en Carina Viljoen en Jessica Schutte

**HUWELIKSHERDENKING**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

# *HAMBURGERBRAAI*



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND
20 Maart 2026



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Nicolene by die kerkkantoor ☏ 018 294 4600
**R 35** per hamburger. **Worsbroodjies R 35**

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

---

# DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** )

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

---

## DIE GEREFORMEERDE KERK IKAGENG

Die gemeente van Ikageng hou op **2 Mei 2026** 'n fondsinsamelingsaksie en hulle vra ons ondersteuning. Hulle beplan om die fondse te gebruik vir hulle werk in die omgewing. Kom ons help hulle met goeie tweedehandse klere, skoene, komberse, huishoudelike items, boeke, speelgoed en allerhande dinge wat verkoop kan word. Donasies is ook baie welkom. Ons kan die goedere afgee by ons koster Pieter en hulle sal die goedere kom haal.

Vir meer informasie kontak ds OL Moncho 083 314 1762 of hulle skriba ds MD Letebele 067 847 7357.



## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**


Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta,

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 10, 11 en 12 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



# Liewe Susters

## KONSERT KONSERT KONSERT

Die seisoen draai, dis koeler, die blare verkleur en begin val.

Op die Kalender het die susters 'n byeenkoms vir 18 April en 'n konsert vir 9 Mei. Die bestuur en die wyksusters het besluit dat ons die twee gaan kombineer.

Ons wil dus net op **9 Mei 'n Gemeentekonsert** hou. Groep 3, wat wyke 2, 3, 4 en 6 is, is dan verantwoordelik vir die verversings by die konsert.



Wat die gemeentekonsert betref, wil ons graag sien watter talent ons uit eie geledere het. Moenie skaam wees nie, as jy 'n talent het of jy weet iemand in die gemeente het 'n talent, fluister dit in my oor. Ek sien uit daarna dat ons 'n lekker verskeidenheid van items sal kry!

Groete Alta